Wys my die weg, Here

# Wanneer verhoudings breek …

## Bybelteks

*Die HERE God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?" Hy het geantwoord: "Ek het U in die tuin hoor beweeg, en ek was bang, want ek is naak; toe het ek weggekruip." Hy vra toe: "Wie het vir jou vertel dat jy naak is? Het jy van die boom geëet waaroor Ek jou beveel het dat jy nie daarvan mag eet nie?" Die mens het geantwoord: "Die vrou wat U gegee het om aan my sy te wees, sy is die een wat vir my van die boom gegee het, en ek het geëet." Die HERE God vra toe vir die vrou: "Wat het jy nou gedoen?" Die vrou het geantwoord: "Die slang het my bedrieg, en ek het geëet." Die HERE God het [die mens] toe weggestuur uit die tuin van Eden om die grond waaruit hy geneem is, te gaan bewerk.*

**– Genesis 3:9-13, 23**

## Kernwaarheid

**Die mense kies om ongehoorsaam aan God se opdrag te wees, maar God kies dan die lang pad om verhoudings te herstel.**

### WELKOM

Het jy al ooit gesien dat iemand iets probeer regmaak of wegsteek het, wat die situasie eintlik 'n groter gemors gemaak het? Verduidelik wat gebeur het.

### WONDER

- Hoe dink jy het Adam en Eva gevoel nadat hulle van die vrugte geëet het en gehoor het God roep hulle?

- Hoekom dink jy is dit vir baie mense so moeilik om te erken wanneer hulle foute maak?

- Ons lees in Genesis 3:16-23 van die implikasies van Adam en Eva se besluit. Die aarde is daardeur vervloek en swaarkry is die mense se voorland. God stuur hulle uit die tuin, maar Hy begin ook met 'n herstelplan. Hoekom doen God dit?

- Wat leer jy uit die verhaal oor jou eie foute en sonde?

## WEES

Dink aan die video wat julle gekyk het.

- Wat tref jou oor die twee bome?

- Hoe kan ons dit regkry om deel te wees van die hoop waarvan die video praat?

## WEGSTUUR

Julle het as groep besluit watter verhouding julle die week wil help herstel deur iets kleins te doen. Probeer jou bes om dit te doen.